# GREY KOLLEGE COLLEGE

## VERKLARING VAN WELSTAND

Ek erken dat:

- die Grey gemeenskap bestaan uit die Grey seuns, die ouers, die onderwysers en die oud-Grey's;
- die Grey gemeenskap reeds sedert 1855 bestaan;
- die Grey gemeenskap wel bekend is;
- ek bevoorreg is om deel van die Grey gemeenskap te wees;
- dit van my verwag word om aktief by te dra en betrokke te wees in die Grey gemeenskap;
- ek die Grey gemeenskap wil sien slaag;
- die Grey gemeenskap afhanklik is van 'n aktiewe uitlewing van gevestigde Grey waardes.

**NOU DAAROM**:

Onderneem ek om die onderstaande Grey waardes aktief uit te leef, toe te pas en te onderhou:

- eerlikheid en waarheid;
- eenheid en lojaliteit;
- uitnemendheid en prestasie;
- doelgerigtheid en verantwoordelikheid;
- eer en respek;
- verdraagsaamheid en uiteenlopendheid;
- vasberadenheid en moed;
- egtheid en nederigheid;
- dissipline en self-dissipline;
- aanpasbaarheid en vasberadenheid;
- dapperheid en onafhanklikheid;
- hoflikheid en netheid.

Ons, die Grey gemeenskap, verbind onsself en mekaar tot die bovermelde.